Verskyn sedert 1 April 1873 as “De Maandbode” en sedert 1 Oktober 1894 as “Het Kerkblad”

die Kerkblad

Maart 2017

'n Publikasie van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

Beplande wet gee staatsbeheer oor kerke

Die evangelie van die onbekende God (3)

**Of ek sit en of ek opstaan, U weet dit,
U ken my gedagtes nog voordat hulle by
my opkom.
Of ek reis en of ek oorbly, U bepaal dit,
U is met al my paaie goed bekend.**

– Psalm 139:2-3

www.gksa.org.za

Webwerf: http://www.gksa.org.za/

Redaksie, Bemarking en Administrasie
Posbus 20008, Noordbrug 2522
Tel. (018) 297-3986/7/8/9
Faks: (018) 293-1042
E-pos:kerkblad@gksa.co.za
(artikels, briewe ens.)
tydskrifte@gksa.co.za
(Intekening, rekeningnavrae)
bestellings@gksa.co.za
(boekbestellings ens.)

Redaksie
Prof. CFC Coetzee (redakteur)
- 082 337 7951
- Callie.Coetzee@nwu.ac.za

Mev. J Fourie (kopieredakteur)
- Tel. 018 297 3986
- kerkblad@gksa.co.za

Ds. C Aucamp
Prof. SP van der Walt
Dr. J Lion-Cachet
Mev. V de Kock
Dr. MN Hermann

Uitleg en tegniese versorging
Joey Fourie

Advertensies en kleinadvertensies
Tariewe op aanvraag beskikbaar by dr. Wymie du Plessis: tel. (018) 297-3989.
E-pos: wymiedup@gksa.co.za

Intekengeld
Sien al die opsies vir intekening op die intekenvorm (omslag binne agter)

Intekengeld word jaarliks aangepas.
Intekening moet skriftelik of telefonies deur die intekenaar gekanselleer word.
Maak tjeks uit aan:
Die Administratiewe Buro

Eienaars en uitgewers
Deputate Kerklike Tydskrifte van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522.

Drukkers
V & R Drukkery, tel. (012) 333 2462

Menings uitgespreek in artikels verteenwoordig nie noodwendig dié van die Redaksiekommissie nie. Tensy anders vermeld, word die hoofartikels deur die redakteur geskryf. Die Redaksie behou hom die reg van plasing van bydraes, asook die redigering, verkorting en/of verwerking van bydraes voor.

JAARGANG 118, NO. 3310 - Maart 2017

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

In hierdie uitgawe

2 VAN DIE REDAKTEUR
Die Reformasie en Suid-Afrika

4 UIT DIE WOORD
Van lekker kerk na funksionele kerk

6 REDAKSIONEEL
Wat is Pentekostalisme? (2)

8 BRANDPUNT
Daaglikse bekering van verkeerde gesindhede

FOKUS
10 Calvyn en die onderwys (4)
12 Die evangelie van die onbekende God (3)
14 Beplande wet gee staatsbeheer oor kerke
16 Hieronymus van Praag – 600 jaar na sy marteldood

ANDER
18 Klassis Potchefstroom
21 Promosieplegtigheid TSP 2016
22 Geref. Kerk Agulhas 10 jaar oud
24 Reddersburg Kerkmuseum
27 Sendingkantoor vir die GKSA
28 Personalia / Wel en Wee
29 Lief en Leed / Op die Kerkwerf
30 Kleinadvertensies

Die Reformasie en Suid-Afrika



Meer as 'n eeu gelede het 'n Suid-Afrikaanse skrywer oor Johannes Calvyn gesê: "Nêrens leef die werk van Calvyn sterker as in Suid-Afrika nie" (vertaal uit Nederlands – CFCC).

Dieselfde skrywer vervolg: "Sou Johannes Calvyn vandag uit sy onbekende graf aan die meer van Genève kon opstaan en homself weer op die aarde sou begewe, dan was ongetwyfeld die verre Suid-Afrika die enigste land waar hy die grondbeginsels waarvoor hy gely en gestry het, nog suiwer en onvervals van krag sou vind."

Die stellings is miskien 'n bietjie oordrewe, maar as ons eerlik met die geskiedenis omgaan, is dit inderdaad so dat ons ons Suid-Afrika nie kan indink sonder die invloed van iemand soos Calvyn en 'n beweging soos die Hervorming in geheel nie. Vir 'n lang periode van die geskiedenis kan ons van Suid-Afrika praat as 'n Calvinisties-Gereformeerde staat en samelewing.

1652

Die koms van Jan van Riebeeck en sy geselskap het plaasgevind net meer as 30 jaar ná die bekende Sinode van Dordrecht (1618/19). Die geestelike boeke waarmee Jan van Riebeeck en sy mense na Suid-Afrika gekom het, was dus die Statebybel (waarvan daar nog eksemplare in sommige van ons se huise is), die belydenisskrifte wat by Dordrecht vasgestel en bekragtig is en die werke van skrywers soos A'Brakel, Smijtegeld en andere. Kerklik was die nedersetting aan die Kaap verbind aan Klassis Amsterdam van die destydse Hervormde Kerk.

1688

Die koms van die Franse Hugenote in 1688 het die Gereformeerde element van die bevolking aansienlik versterk. Hulle het op daardie stadium ongeveer 20% van die bevolking uitgemaak. Hierdie mense se godsdiens en geloof was nie aangeplak nie. Inteendeel, hulle was bereid om juis ter wille van hulle geloof die beskawing en ontwikkeling van Europa prys te gee en 'n nuwe tuiste in die onbekende, onbeskaafde, onontwikkelde Afrika te kom soek.

Invloed van die Hervorming

Baie meer kan genoem word om te bevestig dat die invloed en uitlewing van die beginsels van die Hervorming vir baie dekades 'n kenmerk van die Suid-Afrikaanse samelewing was. Suid-Afrika was nie 'n "neutrale" of sekulêre land nie.

'n Treffende voorbeeld is dat daar in 1964, met die 400-jarige herdenking van Calvyn se sterfjaar, deur die Suid-Afrikaanse Poswese 'n posseël uitgegee is as deel van die herdenking (sien die foto hierby).

Veral in die 20ste eeu het 'n groot aantal publikasies verskyn. So het in 1935 'n publikasiereeks van drie volumes verskyn met die treffende titel "Koers in die krisis". In 1988 het die volledige Institusie van Calvyn in Afrikaans verskyn, 'n magistrale werk waarvan prof. Sampie Simpson die hoofvertaler was, bygestaan deur mense soos prof. Ludi Schulze en dr. CMM Brink. Tot op daardie stadium was slegs die verkorte vertaling van ds. A Duvenage in Afrikaan beskikbaar. Die stroom publikasies gaan gelukkig steeds voort in artikels en boeke.

Deur die loop van die jare is 'n aantal internasionale Calvynkongresse in Suid-Afrika gehou, en die Suid-Afrikaanse Calvynkongres vind op gereelde basis plaas. Aan die PU vir CHO het die Instituut vir die Bevordering van Calvinisme (later die Instituut vir Reformatoriese Studies) vir baie jare bestaan.

Deformasie

Deur die loop van die geskiedenis het daar helaas ook deformasie of 'n wegbeweeg van die beginsels van die Reformasie op baie terreine plaasgevind. Wat die kerklike terrein betref, het die Kerkorde van De Mist (1804) 'n radikale verskuiwing gebring, weg van die beginsels van die Dordtse Kerkorde. Op leerstellige gebied het twee vreemde strominge ingang gevind:

- Aan die een kant die Metodisme wat deur die Skotse predikante aangehang is. Hierdie predikante is "ingevoer" om in die tekort aan predikante te voorsien.
- Aan die ander kant was daar die liberale of vrysinnige rigting wat gepreek is deur predikante wat in die buiteland aan vrysinnige inrigtings opgelei is. Die eerste Sinode wat in 1824 op Suid-Afrikaanse bodem gehou is, het ongelukkig nie 'n einde gemaak aan die proses van deformasie nie.

Wat die onderwys betref, was daar deurlopend diegene wat hulle vir "neutrale" onderwys beywer het, terwyl die Calvinistiese denkrigting die onderwys steeds gesien het as verlengstuk van die verbondsopvoeding in die ouerhuis en kerk.

Reformasie

Vanuit die perspektief van die GKSA was die "herstigting" van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in 1859 weer 'n daad van reformasie, 'n terugkeer na die Woord, in die aanvaarding van die Dordtse Kerkorde en 'n hernude omhelsing van die gereformeerde belydenisskrifte. Op die terrein van die onderwys is daar prysenswaardige reformatoriese aksies wat ons volle ondersteuning verdien.

2017

Waar staan ons vandag? Sou Calvyn tuis gevoel het in die Suid-Afrika van 2017? Dit is nie moontlik om hierdie vrae in 'n kort *Kerkblad*artikel te beantwoord nie.

Wat ons wel vir mekaar kan en behoort te sê, is dat 2017 vir almal wat erns maak met die beginsels van die Hervorming, 'n jaar van introspeksie moet wees. Wie gaan die inisiatief en leiding neem om 'n aksie (soos 'n kongres) te loods waar daar indringend besin word oor die toepassing van die Bybelse beginsels van die Hervorming oor die breë spektrum? Die volgende terreine of samelewingsverbande is vir my hier veral belangrik: kerklik-teologies, onderwys, staatkunde, ekonomie, volkereverhoudinge.

Menslik gesproke staan Suid-Afrika by 'n kruispad tussen reformasie of deformasie, beginseldenke of pragmatiese liberale denke, 'n Christelike (Calvinistiese) lewensbeskouing of 'n sekulêre, sogenaamde "vrye", lewensbeskouing. Gaan ons die uitdaging in die geloof aanvaar en God op sy Woord neem? Dan alleen sal die Reformasie voortleef. CFCC

Ds. DC (Chris) Coetsee (emeritus) (Stompneusbaai)

Van lekker kerk na funksionele kerk

Lees: *Handelinge 7:54 – 8:25*
Teks: *Handelinge 8:4, 5*

Die lekker kerk

Die lidmate van Jerusalem se kerk was sekerlik verwar en geskok deur wat die laaste tyd met hulle as kerk gebeur het. Hulle was dan tot onlangs geliefd by die mense (Hand. 2:47); hulle het die wonderlike manifestasies van God se krag en teenwoordigheid beleef (Hand. 3:8, 9; 5:12, 16); hulle getalle het gegroei van 120 tot 3 000 op Pinksterdag tot 5 000 – en selfs priesters het belydenis van hulle geloof in Jesus as Messias afgelê (Hand. 4:4; 6:7); hulle het werklik die lewe van die kerk as Liggaam van Christus ervaar (Hand. 2:42-46; 4:32-37); hulle is versorg deur diakens wat gekies is op grond van hulle bewese gawes (Hand. 6:3-6); hulle is bedien deur 'n wonderlike kerkraad – apostels wat deur die Koning van die kerk Self opgelei en toegerus is.

Ná jare waarin hulle Here ampsdraers wonderbaarlik teen hulle vervolgers beskerm het op grond van hulle getuienis (Hand. 4), word hulle geliefde leierdiaken op grond van sy getuienis met klippe doodgegooi (Hand. 7) – en hulle word self gejag en beroof, moet vlug met niks! Van opwindende kerk verander hulle na probleemkerk waarvoor dogterkerke later sou moes kollekteer (2 Kor. 8:4; 9:1, 12).

Ook ons vra: "Waarom? Hoe kon die Here dit toelaat? Was daardie kerk dan nie die modelkerk nie? 'n Venster op die Koninkryk van God; manifestasie van die lewende Christus: sy Liggaam, sy Brief? Elke lidmaat was tog 'n getuie van die Goeie Nuus: Jesus het opgestaan! Hy leef! Jerusalem het uiteindelik die Fontein van Esegiël 47 geword! Was dit alles skyn? Oorwin die bose uiteindelik?"

Die funksionele kerk

Dis natuurlik dat gelowiges sulke vrae vra. Vir antwoorde is dit egter noodsaaklik dat ons ook vrae vra soos: "Wat is die kerk? Wat is God se doel met sy kerk?" En dan: "Beantwoord dit aan God se doel? Is dit funksioneel?" Die antwoord hierop kry ons in ons teksverse.

"Kerk" beteken basies "die Here s'n" – en die kerk wat dit daadwerklik is, is ook tot daadwerklike nut vir God se Koninkryk, sit as liggaam van Christus sy werk op aarde voort (Joh. 20:21), spreek die nood van die wêreld aan. Toe Jesus sy omvattende opdrag aan die kerk gegee het (Matt. 28:18-20: "Gaan … maak dissipels van al die nasies … doop … leer…"), het dit gestaan tussen die twee groot verklarings van die Koninkryk: "Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde … en kyk, Ek is met julle tot die voleinding van die wêreld."

Die eerste groot verklaring loop uit op: "Gaan dan, maak al die nasies dissipels …" Dis die funksie van die kerk: nie bloot om kerk te hou nie, maar om die koninklike mag van Jesus aan al die nasies

En die wat verstrooi was, het die land deurgegaan en die woord van die evangelie verkondig. En Filippus het afgekom in 'n stad van Samaría en Christus aan hulle verkondig.

bekend te maak, hulle tot dissipels te maak: sy leerlinge en volgelinge. Die funksionele kerk weet dat dit nie lekker is om dit te doen nie – dis eintlik "onmoontlik"! "Dissipel wees" is ongerieflik, dit vereis opoffering, selfverloëning, kruisdra – maar alles word die moeite werd omdat dan ervaar word die opwinding van: "Kyk (sien), Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld."

Die vraag wat die Jerusalemse Christene dus moes vra, was: "Is ons kerk soos ons Here ons beveel het: funksioneel?" – en skielik word hulle "Waaroms?" beantwoord: Hulle lekker, opwindende kerk was 'n disfunksionele kerk!

Die Here van die disfunksionele kerk is nie disfunksioneel nie!

Die Here vestig sy Koninkryk deur sy kerk – en Hy het nie 'n "tweede" of "noodplan" nie. Daarom laat Hy die "ondenkbare" toe: die lidmate van die "lekker" kerk word gedwing om sy plan uit te voer. Hulle moet vlug met niks, behalwe die skat van die evangelie – en "... so ver as hulle gegaan het, het hulle die evangelie verkondig" (letterlik staan daar "geëvangeliseer") – en toe ervaar hulle werklik dat alle mag aan die Here Jesus gegee is en dat Hy met hulle is.

Diaken Filippus, bevestig in sy amp deur handoplegging en voorbidding (Hand. 6:6), "verkondig" ('n sterker woord as "evangeliseer") Christus selfs aan die heidense Samaritane – en die verdere "onmoontlike" gebeur: Nog sterker as deur die lidmate word die mag van Jesus en sy teenwoordigheid gedemonstreer (vs 6-8)! In die funksionele, gehoorsame kerk word Jesus se woorde waar: "Vrede vir julle ... Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook" (Joh. 20:21)!

Die basiese vraag wat sterwende en kwynende kerke moet vra, is: "Is ons kerk? Is ons die liggaam van Christus wat sy werk op aarde voortsit? Weet elke lidmaat ons is deur die Vader gestuur – na die wêreld? Rus ons ampsdraers ons daarvoor toe – en soek ons na toerusting daarvoor?" (Ef. 4:12). Waar die kerk dit ís en doen, sterf die kerk nie – selfs vervolging en treitering lei bloot na die uitsaaiing van die saad van die Koninkryk: die goeie nuus word verkondig (1 Pet. 3:15, 16).

Dikwels moet lidmate egter eers gestroop word van die sondige menslike neiging om bloot ongesteurd in hulle gemaksones te wil leef in die "lekker kerk", in plaas van in 'n funksionele kerk: 100% in diens van die Koninkryk. Dominees moet hulle daarvan bekeer om self "die lewe van die kerk" te wil wees in plaas van lidmate toe te rus en aan te spoor vir hulle dienswerk in die Koninkryk.

Die boodskap van Handelinge 8 is dit: Die God van die lekker, disfunksionele kerk is nie disfunksioneel nie. Die Here van die disfunksionele apostels in Jerusalem is nie disfunksioneel nie. Die aanslag van die duiwel op die disfunksionele kerk ís egter disfunksioneel: God gebruik juis dit om die kerk die groot waarheid te laat ontdek: "Aan My is alle mag gegee in die hemel en op aarde ... en Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld"!

Die sleutel tot ervaring van die lewe en groei van die ware kerk, "Gaan dan heen ... maak dissipels ...", staan tussen hierdie twee groot sekerhede. DK

EUREKA
Apteek • Kliniek
JAN HARM STEENKAMP
B.Pharm. PSGT
Tel 058 303 5431 (alle ure) Faks 058 303 7208 Posbus 348 BETHLEHEM
Ons ondersteun graag Die Kerkblad

Ds. Cassie Aucamp (Bergsig/Andeon)

Beplande wet gee staatsbeheer oor kerke

Die daarstelling van wetgewing teen valse profete wat hulle volgelinge skaamteloos in die naam van godsdiens uitbuit, het baie van ons aanvanklik laat dink: Goed so, lê die "Doom"-profete en geloofsuitbuiters aan bande. Dis immers hulle teen wie Petrus waarsku: *"In hulle hebsug sal hulle julle met allerhande stories uitbuit"*, en: *"Hulle verlei onstandvastige mense en is bedrewe geldwolwe, die vervloektes!"* (2 Pet. 2:3, 4).

TKR-voorlegging

Dit is sulke obskure praktyke in die naam van Godsdiens wat die CRL-kommissie na die wetgewing-sambok laat gryp het. (Die CRL-kommissie is die Kommissie vir die Beskerming en Bevordering van die regte van Taal-, Kultuur- en Godsdiensgemeenskappe wat ingevolge Art. 185 van die Grondwet in die lewe geroep is en in 2002 deur wetgewing tot stand gekom het.)

Die Kommissie het na 'n selektiewe proses van konsultasie 'n verslag opgestel waarin die kontoere van die beoogde wetgewing aangedui word. Kommentaar en voorleggings oor die verslag kon tot einde Februarie ingedien word. Die Tussenkerklike Raad van die NG Kerk, NH Kerk en Gereformeerde Kerke het van die geleentheid gebruik gemaak om 'n deeglike voorlegging aan die Kommissie te maak. (Hierdie beoogde wetgewing moenie verwar word met die Wetsontwerp op Haatmisdade en Haatspraak waaroor *Die Kerkblad* van Februarie 2017 berig het nie.)

Ten spyte van die gedeelde afsku aan die uitbuitpraktyke lewer die TKR 'n ernstige pleidooi dat van die beoogde wetgewing afgesien moet word.

Voorstelle deur die CRL-kommissie

Die kommissierapport stel 'n proses van selfregulering deur godsdiensgemeenskappe voor. Dit moet geskied deur die daarstelling van 'n Portuur-Oorsigraad waarin godsdiensgemeenskappe verteenwoordig word. Binne hierdie Raad sal daar 'n Kommissaris wees vir elke geloofsgroep. Oorhoofse akkreditasieliggame sal geskep word waarby 'n godsdienstige organisasie moet affilieer ten einde 'n lisensie te bekom om as sodanig te funksioneer. Godsdienspersele en godsdiensvoorgangers sal ook aan lisensiëring onderworpe wees.

Wetgewing onnodig en onprakties

Is spesiale regulering van godsdienstige instellings die antwoord? Moet bestaande wetgewing nie veel eerder beter toegepas word om wanpraktyke wat inderdaad krimineel van aard is, aan te spreek nie? Godsdiensleiers of predikers is tog nie gevrywaar van kriminele vervolging net omdat die bedrog wat hulle pleeg of die wanvoorstelling vir eie gewin of die uitbuiting waaraan hulle hul skuldig maak, onder die dekmantel van godsdiens gepleeg is nie. Inteendeel, dit behoort verswarende omstandighede daar te stel.

Godsdiensvryheid in die gedrang

Dit is verskeie voorleggers se oortuiging dat die beoogde wetgewing inderdaad strydig is met die grondwetlike bepaling van godsdiensvryheid. Die verweer wat geopper word dat die model wat voorgestel word, dié van selfregulering is en nie van staatsregulering nie, is gewoon nie waar nie. In watter selfregulerende terme die planne ook getooi word, uiteindelik is die beoogde liggame staatsbefonds, staatsaangestel en staatsbeheer. Effektief beteken dit staatsregulering van godsdiens. In die proses is Artikel 15 van die

Grondwet en die belangrike beginsel van godsdiensvryheid in gedrang.

Vreemde kerkbegrip

Die beoogde wetgewing met sy regulering en registrasie van godsdienstige instansies gaan per definisie uit van 'n standpunt wat vreemd is aan die Skrif. Die voorgestelde wet sien die kerk nie as gelowiges wat rondom die Woord saamkom, deur die geloof tot die kerk gevoeg word en dan hande vat met kerke op ander plekke nie, maar deur en deur strukturalisties: 'n kerk is 'n struktuur/vereniging/organisasie wat van bo af gestruktureer word, geregistreer word, met mense wat dan by die oorhoofse gelisensieerde struktuur aansluit. Die denke herinner sterk aan dié van Kommissaris De Mist in 1804. So is die kerk nie 'n stigting van God nie, maar 'n vereniging van mense. Om Gereformeerde Kerke met 'n presbiteriale kerkregeringstelsel daartoe te verplig, sal gewetensbinding beteken, strydig met Artikel 15 en 18 van die Grondwet.

Onvoorsiene gevolge

Die volgende onvoorsiene gevolge van die beoogde wetgewing is onafwendbaar:

- Die wetgewing sal 'n demper plaas op die evangeliese roeping van die kerk. Die grondfase van kerkstigting, naamlik die vergadering van gelowiges rondom die Woord van die Here, sal gewoon nie inpas in die strukturele model wat deur die wetgewing veronderstel en afgedwing sal word nie.
- Helpers wat in eenvoudige opregtheid die evangelie van Jesus Christus oordra, sal deur die proses van lisensiëring effektief uitgeskakel word. Hierdie vereiste van lisensiëring gaan uit van 'n ampsabsolutisme, en negeer die belang van die amp van die gelowige.
- Die huidige model van 'n koöperatiewe verhouding tussen kerk en staat, gegrond op elkeen se soewereiniteit in eie kring, word ingeruil vir 'n regulatiewe model, waar die staat inderdaad beheer oor die kerk verkry.

Finale oordeel

Dit is ironies dat die Kommissie, wat juis daargestel is om die regte van taal-, kultuur- en godsdiensgemeenskappe te beskerm en te bevorder, instrument word tot die aantasting van daardie regte. Ek haal graag weer een van ons deputate, prof. Marinus Wiechers, aan: *Dit is presies hoe die kerk in Rusland en ander kommunistiese lande gemuilband en onderdruk is. Enersyds word godsdiensvryheid in die grondwet hoogheilig verkondig, onderhewig aan owerheidsvergunning (want dit is waaroor die registrasie gaan), en so is kerke in daardie lande onderdruk en versmoor.*

Die CRL-kommissie mag goeie bedoelings met die regulering in gedagte hê, om die skaamtelose uitbuiting in die naam van godsdiens te bestry, maar in die proses word 'n monster geskep om 'n wolf in toom te hou. DK

Dr. Heinrich Zwemstra (Pretoria-Annlin)

Sendingkantoor vir die GKSA

Op 17 Oktober 2016 het die lessenaar vir sendingkoördinering van die ekumeniese deputate 'n memorandum van verstandhouding met die GK Wonderboompoort onderteken. Hiervolgens stel die GK Wonderboompoort hulle kerkkantoor en administratiewe beampte beskikbaar as 'n sendingkantoor vir die GKSA. Op hierdie stadium funksioneer die sendingkantoor een dag per week, maar indien nodig kan dit later uitgebrei word.

Die visie van die sendingkantoor is om kerke in die GKSA te bedien met inligting oor sending- en evangelisasiewerk sodat kerke mekaar bystaan en toerus om die evangelie te verkondig. Die sendingkantoor gaan inligting insamel oor sending- en evangeliseringswerk wat deur kerke in die GKSA gedoen word, 'n databasis opstel en dit op die webblad van die GKSA beskikbaar stel. Kerkverbande met wie die GKSA ekumeniese verhoudinge het, asook addisionele inligting oor sending- en evangeliseringswerk sal ook by die databasis gevoeg word en op die webblad beskikbaar gestel word. Die sendingkantoor sal ook toerustingsmateriaal insamel en met die goedkeuring van die deputate op die webblad van die GKSA beskikbaar stel. Soos wat die werk van die sendingkantoor vorder, sal daar mettertyd ook 'n gereelde nuusbrief gepubliseer word. Die sendingkantoor het ook die opdrag om konferensies te reël wat fokus op sending- en evangeliseringswerk.

Plaaslike kerke kan verwag dat hulle gekontak sal word om 'n vraelys in te vul oor sending- en evangeliseringswerk. Ons vra dat kerke asseblief hulle samewerking in hierdie verband sal gee. Dit sal wonderlik wees as ons alle kerke se sending- en evangelisasiebetrokkenheid, materiaal wat gebruik word en dalk deur ander kerke ook gebruik kan word, breër kan bekendstel sodat ons van mekaar kan leer en op so 'n manier ook die opdrag van Kolossense 3:16 gehoorsaam: "... Leer en onderrig mekaar met alle wysheid..."

Ons is baie opgewonde oor hierdie ontwikkeling en ons gebed is dat die Here hierdie werk ryklik sal seën sodat ons as kerke mekaar se hande kan vat om God se sending in hierdie wêreld te doen (vgl. Joh. 20:21; Matt. 28:18-20; Hand. 1:8). Ons sê baie dankie aan sr. Retha Bos wat hierdie werk gaan doen. DK

Van links na regs: Dr. Heinrich Zwemstra (sendingkoördinering); sr. Retha Bos (admin beampte); prof. Flip Buys (sendingkoördinering); diak. Pieter Bos (GK Wonderboompoort); oudl. Frits van Tonder (GK Wonderboompoort).